**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 8 1 1 0 5 3 0 9 | 8 | 1 1 1 6 4 |

-5 NOV 1998

DIE BURGER Jg. 84 Nr. ........ P. 1 Dat. ........

# Sasria voorsitter probeer verduidelik

**Hein Swart**

KAAPSTAD. – Mnr. Cyril Ramaphosa, nuwe voorsitter van Sasria, het gesê die vorige direksie se teenkanting van die Regering se voorneme om 'n groot deel van dié versekeraar se reserwes vir die aflossing van staatskuld aan te wend, op 'n misverstand berus.

Die Parlement se Portefeuljekomitee oor Finansies het egter gehoor dat die direksie sy besluit verander het nadat die Regering sy vorige twee verteenwoordigers in die Sasria direksie "onttrek" het en hulle deur Ramaphosa en Brian Molefe vervang is.

Ramaphosa is 'n lid van die ANC se nasionale uitvoerende komitee, terwyl Molefe 'n amptenaar van die Departement van Finansies is.

Me. Gill Marcus, Adjunk-minister van Finansies, sê dat die Regering uitvoerige samesprekings met die direksie gevoer het. Daarna is besluit om die vorige twee regeringsverteenwoordigers in die direksie te onttrek en met nuwes te vervang. Ramaphosa is dadelik tot nuwe voorsitter verkies.

Dr. Willem Botha, die Vryheidsfront se hoofwoordvoerder oor finansies, het gesê dié optrede van die Regering voorspel niks goeds vir die demokrasie nie as die Regering amptenare vervang wat dit waag om die verbruiker se belange wil beskerm.

Sasria, wat die laaste paar weke onder meer met hofsake gedreig het en groot advertensies in koerante geplaas het waarin hy sy misnoeë met die Regering se planne uitgespreek het, sal nou die grootste deel van sy opgehoopte reserwes van R10 miljard aan die staat moet afstaan, wat dit op sy beurt vir die gedeeltelike aflossing van staatskuld sal aanwend.

Die implikasie hiervan is dat die Regering aanstaande jaar etlike miljarde minder sal hoef te gaan leen om sy skuldverpligtinge na te kom. Volgens me. Maria Ramos, Direkteur-generaal van Finansies, sal die Regering egter nie sy begrotingstekortmikpunte hiervoor aanpas nie.

Ramaphosa sê die direksie het tot ander insigte gekom nadat vorige misverstande uit die weg geruim is. Die direksie erken dat geld aan die Regering verskuldig is vir toegewings wat al die jare aan hom gedoen is en dat hy sy risiko's gratis onderskryf het. Hy was onder meer nie verplig om belasting te betaal nie.

**TREFWOORDE**

1. Sake Burger
2. Swart Hein
3. Ramaphosa C
4. Voorsitter
5. Sasria
6. Verandering
7. Standpunt
8. Reserwes
9. Regering Res
   Onderhoud
10. Skuld